dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

4 OKTOBER 2019

2 Korintiërs 9:7 #Offer
"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."

Hierdie skrifgedeelte word baie keer gelees wanneer die offer gedoen word. Wat die offer betref het die mens 'n keuse of hy wil gee of nie. Ek sê altyd wanneer dit kom by die gee van jou tiende, dan is daar nie 'n keuse nie, want of jy nou kwaad is, of gee met 'n onwillige hart; die tiendes behoort aan die Here. Maleagi 3:10 verklaar: "Beproef My tog hierin, sê die Here van die Leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle oorvloedige seën sal uitstort nie."

Wanneer ons die offer bring, moet ons dit doen met 'n blymoedige hart, 'n hart vol dankbaarheid. Daarom sê 2 Kointiërs 9:7 "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem…" Met ander woorde, dit moet 'n hartsbesluit wees, jy moet daardie gemoedsrus hê. 2 Korintiërs 9:7 sê voorts: "… Nie met droefheid of uit dwang nie…" Dit geld ook vir iemand wat sy hart vir die Here wil gee. Hy of sy moet dit gee sonder om gedwing te word, want in die geval van die offer, het God 'n blymoedige gewer lief.

Vrede / Shalom